

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

BESIGHEIDSVORME

Soos in die vorige artikel bespreek, is daar verkeie besigheidsvorme beskikbaar waarmee 'n boerdery bedryf kan word. Die vernaamste hiervan is 'n eenmansaak, vennootskap, beslote korporasie, maatskappy of trust. Die beste ondernemingsvorm vir die boer se erfopvolgingsplan moet gemeet word aan die hand van die voordele wat dit ten opsigte van die volgende bied:

- Die hoeveelheid beheer wat die boer oor die boerdery en oor die bates wil uitoefen;
- Die kontinuïteit wat nagestreef word;
- Die nodigheid om eers 'n tussentydse reëling te tref (soos in die geval van minderjarige kinders) en of daar vanuit die staanspoor 'n permanente reëling getref moet word;
- Die aantal erfopvolgers;
- Boerende en nie-boerende erfopvolgers;
- Belastingoorwegings.

EENMANSAAK

Die eenmansaak is die algemeenste besigheidsvorm vir boerderye. Die totale boerdery behoort aan een persoon.

Beheer: Omdat daar geen mede-eienaars is nie, het die boer self volle beheer oor die boerdery en neem hy alleen die besluite.

Kontinuïteit: Daar is geen kontinuïteit met 'n eenmansaak nie. As die eienaar aftree of sterf moet al die bates onmiddelik verkoop word of na die erfopvolgers oorgedra word. 'n Nuwe besigheidsvorm sal opgerig moet word sodat die boerdery in 'n nuwe gedaante voortgesit kan word.

Tussentydse reëlings: Geen tussentydse reëlings is moontlik nie omdat daar nie plek vir mede-eienaars in 'n eenmansaak is nie.

Aantal erfopvolgers: Die boerdery sal volgens 'n voorafbesluit tussen die erfopvolgers verdeel moet word. Elkeen sal dan 'n stukkie van die boerdery besit. Dit kan die lewensvatbaarheid van die bestaande boerdery benadeel deurdat 'n onderlinge verdeelde boerdery te klein kan wees om aan die eienaars se finansiële behoeftes te voorsien. Die gevolg is dus dat die boerende erfopvolgers die boerdery erf terwyl daar deur middel van lewenspolisse vir die nie-boerende erfgename voorsiening gemaak moet word.

Boerende en Nie-boerende erfopvolgers: 'n Eenmansaak kan nie boerende en nie-boerende erfopvolgers saam akkomodeer nie. Die boedel sal moet verdeel word sodat elke erfgenaam sy eie deel kan ontvang en bestuur.

Belasting: Belastinggewys is dit een van die duurder besigheidsvorme. Hoewel die inkomstebelasting op 'n glyskaal bereken word, is die hoogste koers tans hoër as dié van enige ander besigheidsvorm. Daar sal ook oordragkoste, kapitaalwinstbelasting op elke bate en boedelbelasting betrokke wees wanneer die besigheidsvorm ontbind word om dit aan die volgende geslag oor te dra.

VENNOOTSKAP

Die vennootskap is 'n verlengstuk van 'n eenmansaak. Twee of meer persone voeg hulle kapitaal en kundigheid bymekaar om 'n boerdery daar te stel wat meer voordele bied as wanneer hulle afsonderlik sou boer. Dit kan byvoorbeeld vir 'n pas en seun of twee broers gebruik word wat saam wil boer.

Beheer: Omdat daar mede-eienaars is, kan die beheer verdeel word. Hoewel dit gewoonlik 50/50 is, kan dit in enige verhouding verdeel word.

Kontinuiteit: Hoewel 'n vennootskap tegnies moet ontbind wanneer een van die eienaars uitree of afsterf, is daar tog kontinuïteit omdat die oorblywende eenaar die boerdery kan voortsit of 'n ander vennoot kan intrek.

Tussentydse reëlins: Daar is moontlikhede vir tussentydse reëlins. Die pa kan aanvanklik 'n groot persentasie van die vennootskap besit en dit stelselmatig na die seun oordra. Dit skep ook die moontlikheid dat ander erfopvolgers ook mettertyd in die vennootskap opgeneem kan word.

Aantal erfopvolgers: Daar is plek om 'n aantal erfopvolgers as vennote te akkommodeer.

Boerende en Nie-boerende erfopvolgers: Hoewel nog nie ideaal nie, kan nie-boerende erfopvolgers as rustende vennote betrek word.

Belasting: Belastinggewys het dit geen voordele nie. 'n Vennootskap word nie self belas nie omdat die wins verdeel word en elke vennoot in sy persoonlike hoedanigheid belas word.

BESLOTE KORPORASIE

Die belangrikste kenmerk van 'n beslote korporasie is dat dit afsonderlik van die eienaars kan bestaan. 'n Maksimum van tien natuurlike persone kan lede van 'n beslote korporasie wees.

Beheer: Omdat daar 'n aantal lede is, kan die beheer verdeel word. Die onderlinge beheer kan deur middel van 'n samewerkingsooreenkoms vasgestel word.

Kontinuiteit: 'n Beslote korporasie ontbind nie wanneer 'n lid uitree of sterf nie. Die ledebelang vorm wel deel van 'n boedel en kan vererf of verkoop word. Die beslote korporasie bly egter ongeskonde voortbestaan.

Tussentydse reëlins: Daar is baie ruimte vir tussentydse reëlins. Die pa kan aanvanklik ook 'n groot persentasie van die ledebelang besit en dit stelselmatig na die seun oordra.

Aantal erfopvolgers: 'n Maksimum van tien natuurlike persone kan as lede geakkommodeer word.

Boerende en Nie-boerende erfopvolgers: Dit skep die moontlikheid dat ander erfopvolgers en nie-boerende erfopvolgers as lede 'n belang in die beslote korporasie kan besit.

Belasting: 'n Beslote korporasie betaal in sy eie hoedanigheid inkomstebelasting teen 'n vaste koers van 30%. Hierdie koers is egter laer as die maksimum koers wat op individue van toepassing is. Die dividende wat aan lede uitbetaal word is onderhewig aan sekondêre belasting op maatskappye teen 12% maar is dan nie weer in die lid se hande belasbaar nie.

MAATSKAPPYE

In wese is daar baie min verskille tussen 'n beslote korporasie en 'n privaat maatskappy. Die vernaamste verskil in terme van erfopvolging is dat 'n beslote korporasie slegs natuurlike persone as lede mag hê terwyl hierdie beperking nie op maatskappye van toepassing is nie. Dit beteken dus dat 'n maatskappy se aandele na 'n trust oorgedra kan word terwyl die ledebelang van 'n beslote korporasie direk aan die erfopvolger oorgedra moet word.

TRUSTS

Trusts is 'n belangrike instrument by erfopvolging. In wese word 'n trust in die lewe geroep om bates vir die erfopvolgers te bestuur deur middel van 'n raad van trustees. Omdat trusts so 'n belangrike instrument vir erfopvolging is en ook 'n ingewikkelde besigheidsvorm is, sal daar in die volgende artikel 'n volledig bespreking daaroor wees.

SLOTSOM

Die tipe besigheidsvorm, of kombinasie van verskeie besigheidsvorme, is 'n belangrike deel van erfopvolging. Dit is die voertuig waarmee die boerdery van een geslag na 'n volgende oorgedra kan word. Daar is verskeie faktore wat uiteindelik sal bepaal watter besigheidsvorm vir elke boer se unieke omstandighede gebruik moet word.

BETHLEHEM
Oktober 2003